

JESUS SE STERWENSUUR IS SY TROON- BESTYGING AS KONING (Jn.19:16b-22).

F.W. Nesor¹

1. INLEIDING

Om jaar na jaar tydens die lydenstyd vars en nuut oor dieselfde historiese stof, naamlik oor die lyding en sterwe van Jesus te preek, is vir geen predikant maklik nie. As die unieke boodskap van elk van die vier Evangelies verreken word deur deeglike eksegeese, word nuwe perspektiewe egter ontsluit wat die prediker in staat stel om hierdie (histories) byna oorbekende stof telkens "anders" te preek. Met hierdie preekhulp word gepoog om iets van die uniekheid van die Johannese vertelling van 'n greep uit die kruisigingsgebeure vir die prediker uit te lig.

2. EKSEGESE EN HERMENEUTIEK

Ten einde die boodskap van 'n teks te verstaan is dit belangrik om die teks met die regte sleutel te ontsluit. Die keuse van 'n verkeerde sleutel sou dan meebring dat die boodskap nie in sy ryke volheid opgediep kan word nie. Dit kan selfs tot gevolg hê dat die boodskap totaal misgekyk word. So sou dit 'n verkeerde besluit wees om Jn.19:16b-22 bloot histories uit te lê. Myns insiens moet daar by die breë aanpak van die eksegeese van die teks veral fyn na twee dinge gekyk word. Die eerste saak waarop gekonsentreer moet word is 'n histories-kritiese waardering van die teks waar die Redaktionsgeschichte veral te sprake kom. Die tweede saak wat besondere aandag verdien is die outeur (meer spesifiek die geïmpliseerde outeur) se gebruik van ironie ten einde sy boodskap kragtig oor te dra aan die geïmpliseerde leser.

2.1. Die perikoop vorm 'n onderafdeling van die vertelling wat strek vanaf die oomblik dat Jesus deur Pilatus oorgelewer is om gekruisig te word tot en met sy begrafnis. Hierdie hele vertelling bestaan uit ses onderafdelings,

¹ Ds. F.W. Nesor, Posbus 180, Bethanie, Namibië.

naamlik a. die kruisiging en die inskripsie aan die kruis, b. die verdeling van Jesus se klere deur die soldate, c. die vroue aan die voet van die kruis en Jesus se woorde aan sy moeder en aan "die dissipel", d. die drink van die suur wyn en Jesus se laaste woorde, e. die breek van Jesus se bene en die deurboring van sy sy, en f. die begrafnis.

2.2. Om te sien waar hierdie ses onderafdelings as narratologiese vertelling saam inpas, moet breër na die plot van die Johannesevangelie gekyk word. Die plot begin by die proloog (1:1-18), waarin die Protagonis hoofsaaklik bekendgestel word en waarin sy identiteit duidelik word. Wat in die res van die Evangelie uitgewerk word, naamlik die aanvaarding of die verwerping van die Protagonis, kom alreeds in die proloog aan die orde. Dit word opgevolg deur verse 19-51 waarin Johannes die Doper en die eerste dissipels se positiewe reaksie Jesus se identiteit duideliker laat blyk. Die eerste hoofstuk dien as situering van die plot.

Die plot ontwikkel in hoofstukke 2-17 wat uiteenval in twee onderafdelings: Die tekens tydens Jesus se openbare bediening (hoofstukke 2-12) en Jesus se afskeidsgesprekke en -gebed (hoofstukke 13-17). Hierna volg die ontknoping (hoofstukke 18-21) met Jesus se gevangeming, lyding, sterwe, opstanding, verskynings en Petrus wat in sy amp herstel word.

Vir ons van belang is die ontknoping, waarvan ons teks 'n deel vorm. Dit vorm die klimaks van die openbaring van Jesus se identiteit. Die "uur" wat aangebreek het, toon by uitnemendheid aan dat Jesus inderdaad die Jesus is wat die proloog uitgebeeld het en dat Hy inderdaad die Persoon is wie die tekens en die wonders van hoofstukke 2-12 duidelik bewys het Hy is; sy kruisiging toon dat Hy inderdaad met gesag kon sê wat Hy gesê het tydens die afskeidsgesprekke en dat sy gebed van hoofstuk 17 inderdaad met Goddelike outoriteit gebied is.

2.3. Sinchronies is daar nie veel op te merk nie. Opvallend is die gebruikmaking van die baie aurtusse. Die funksie hiervan word hieronder genoem waar ironie bespreek word. Die feit dat die woord "Jesus" vier maal voorkom en die woord "Jode" vyf maal, dui waarskynlik daarop dat die opposisie tussen die Protagonis en sy opponente, soos in die voorafgaande hoofstukke beskryf is, nou in ons teks sy hoogtepunt bereik. Dieselfde gebeurtenis, naamlik die kruisiging, word deur beide groepe verskillend verstaan. Jesus se opponente, "die Jode", beskou die kruisiging as die finale stilmaak van Jesus. Die Protagonis en die geïmpliseerde leser beskou die

kruisiging weer as die fokuspunt van die feit dat Jesus self God, Here en Christus die Messias is. Dis daarom nie om dowe neute dat die woord "Koning" drie maal in die perikoop voorkom nie. Die woord "kruis" in werkwoordsvorm sowel as selfstandige naamwoord kom saam vier maal voor, wat bevestig dat die kruisigingsgebeure en die betekenis daarvan in die teks op die voorgrond staan.

Wanneer die teks in kola verdeel word, val die teks uiteen in a. 'n inleiding wat meld dat die soldate Jesus weggeneem het, waarna die kruisiging op Golgota volg, en b. 'n laaste gedeelte wat handel oor die inskripsie aan die kruis.

2.4. Tekskrities is daar geen lesings wat Nestle-Aland se ses en twintigste Griekse teks werklik in gevaar stel nie. Daar is miskien ten goede geen steun vir Papyrus 66 se weglating van vers 17a nie, aangesien hierdie vers kosbare preekstof bied, soos hieronder aangedui word.

2.5. Hoewel dit waar is dat die histories-kritiese eksegeese oor die algemeen eensydige klem op die wording van die teks laat val het, moet die kind nie met die badwater uitgegooi word nie. Hieronder sal dit duidelik blyk dat veral die Redaktionsgeschichtliche eksegeese van die teks in sy finale vorm resultate met die oog op die prediking lewer. Onder die Formgeschichte gaan ons kortliks in 2.5.1. aandag aan die genre skenk en onder 2.5.2. gaan die Redaktionsgeschichte bespreek word.

2.5.1. Die Johannesevangelie behoort tot die genre "evangelie" wat aangedui kan word as 'n vertelling waardeur die skrywer die hooffiguur, in hierdie geval Jesus, in reliëf wil plaas. Hierdie vertelling wil nie net die bruta facta van die Hooffiguur se herkoms, lewe en werk deurgee nie. Dit is eerder 'n getuigende vertelling, sodat die Jesus-verhaal volgens die Johannese weergawe, kerugmaties oorgedra word. Tolmie dui die aard van die vertelhandeling daarom as ideologies van aard aan, aangesien die geïmpliseerde outeur sy verhaal sò vertel, dat Jn.20:31 waar word of waar is in die lewe van die geïmpliseerde leser. En juis hierdie insig is so belangrik vir die prediking van die teks. Die geïmpliseerde outeur skets Jesus hier tydens die kruisigingsgebeure op 'n heel unieke manier, omdat hy wil hê dat die geïmpliseerde leser vir Jesus deur sy (die geïmpliseerde outeur) se bril sal sien.

2.5.2. Vervolgens kyk ons na die manier waarop die Johannesouteur vir Jesus

skets wanneer Hy op pad is na Gotgota en uiteindelik gekruisig word. Die perikoop begin alreeds met 'n unieke opmerking wat slegs by die Johanne-sewangelie voorkom. Hier is dit Jesus wat self sy kruis dra. Die rede hiervoor is dat die geïmpliseerde outeur wil hê dat die geïmpliseerde leser moet raaksien dat Jesus tydens die kruisigingsgebeure volkome in beheer van die situasie is, dat Hy selfs hier bewys dat Hy Koning is. Die verteller het immers reeds in 13:1 gesê dat hierdie "uur" sou uitwys dat Jesus sy "eie" liefhet tot die einde toe. Hierdie "in beheer-wees" van Jesus kom reeds vroeër ter sprake. Reg aan die begin van die plot se ontkenning (aan die begin van hoofstuk 18), trouens alreeds in die heel eerste perikoop daarvan, blyk Jesus se Koningskap en majesteit duidelik. Wanneer Judas met die afdeling soldate, met die wagt in diens van die priesterhoofde en met die Fariseërs (18:3) opdaag om Jesus gevange te neem (Johannes is die enigste Evangelie wat die leser duidelik laat verstaan dat hierdie 'n totale oormag was wat Jesus kom gevange neem het - hierdie "afdeling" alleen was moontlik ses honderd man sterk!), is Jesus alreeds hier in beheer. Volgens slegs die Johanne-sewangelie neem Jesus die inisiatief (geensins geïntimideer nie) en "kom vorentoe" en vra vir hulle wie hulle soek. Hulle antwoord dat hulle vir Jesus soek, en nadat Hy gesê het "Dit is ek!", deins hierdie hele oormag terug en val op die grond neer! Waarom laat Johannes hierdie gebeure byna in 'n sirkus ontaard? Omdat die geïmpliseerde leser moet raaksien: Jesus is as Koning in beheer van sy lydensweg en sterwe. Johannes wil nie 'n prentjie van Jesus teken wat Hom uitbeeld as die "Lam wat gelei word ter slagting" (soos veral by Jesaja en by Matteus) nie; hy wil Jesus teken as die "Lam wat ander lei om Hom ter slagting te lei". Sekerlik wil Johannes nie Jesus se pyn en helse smarte en die realiteit van sy lyding ontken nie (19:29). Maar omdat dit nie vir hom soveel op die voorgrond staan soos Jesus se Koningskap en sy in beheer-wees nie, maak hy nie soveel daarvan nie, en teken hy Jesus by die kruis geheel anders as die beskrywing van die sinoptiese Evangelies. Hy wil eerder Jesus se majesteit aan die kruis op die voorgrond stel.

Ook Johannes se beskrywing van die rowers aan die kruis verskil van die ander drie Evangelies se beskrywing hiervan. Lukas maak byna 'n hele verhaal binne 'n verhaal hiervan. Markus en Matteus noem dat daar saam met Jesus twee rowers aan die kruis was, een aan sy linker- en een aan sy regterkant. Let nou op hoe dat Johannes sy woorde kies: hy noem ook net dat daar "twee ander" saam met Hom gekruisig is (dat hulle rowers was, is vir die prentjie wat hy wil skets, heeltemal irrelevant), "een aan elke kant" (baie bondig!), en dan eindig hy vers 18 met die klimaks daarvan: "...met

Jesus in die middel"! Hy eindig die vers op hierdie manier om Jesus in die fokus te plaas. Dit pas immers volkome in by die prentjie wat hy van Jesus wil skets.

Die laaste kluster van die teks handel oor die opskrif aan die kruis. Redaktionsgeschiedlich is hierdie kluster van groot betekenis, omdat daar slegs by Johannes so 'n unieke beskrywing hiervan is. Ek wil hierdie kluster eger hieronder vanuit 'n resepsie-oogpunt uitlê, aangesien die geïmpliseerde outeur hier juis van ironie gebruik maak om sy boodskap met soveel meer krag oor te dra.

2.6. Die verteller gesels in die perikoop die hele tyd in verteltrant met die geïmpliseerde leser (let op die oorwegende gebruikmaking van auristusse). Soos reeds genoem, maak die verteller/geïmpliseerde outeur van ironie gebruik om veel meer te sê as wat die nie-geïmpliseerde leser mag dink. Daardeur vertel die verteller die geïmpliseerde outeur se boodskap met soveel meer krag.

Om ironie te definieer is so moeilik soos die definiëring van liefde. Vir Du Rand, Kotzé en Culpepper (in navolging van Muecke) bestaan ironie veral daarin dat dit funksioneer op twee vlakke: 'n saak kom te voorskyn op een vlak, waar die slagoffer onbewus is van 'n hoër vlak, vanwaar die geïmpliseerde leser die saak beskou. By elke voorkoms van ironie word die leser dan uitgenooi om deur 'n proses van rekonstruksie die saak nie soos die slagoffer op die "laer vlak" te beskou nie, maar op 'n "hoër vlak".

Verse 19-22 bevat 'n stuk dramatiese ironie, waar die geïmpliseerde outeur die geïmpliseerde leser uitnooi om saam met hom, soos vanaf 'n hoër uitkykpunt, te sien hoedat die karakters (byna hulpeloos) op die onderste vlak rondobber. Die woord "Koning" maak die hele episode rondom die opskrif aan die kruis so ironies.

Pilatus het Jesus nie op dieselfde wyse geëvalueer as wat die geval met "die Jode" was nie. Laasgenoemde het Hom by uitstek veroordeel, terwyl Pilatus telkens herhaal het dat hy Jesus nie skuldig vind nie. Dit is moontlik dat hy Jesus, as "Koning" van die Jode, aanvanklik as 'n bedreiging vir die Romeinse Ryk kon beskou, maar hy sou gou besef dat hierdie vrees van hom totaal ongegrond was. Aan die ander kant weer beskou Pilatus Jesus ook nie op dieselfde hoër vlak soos wat die geïmpliseerde outeur en -leser na Hom kyk nie. Nietemin gebruik Pilatus in die opskrif wat hy skrywe die woord "Koning". Wat Pilatus met "Koning" bedoel is darem wêreld verwyder van dit wat die geïmpliseerde outeur en -leser daaronder verstaan

(laer vlak teenoor die hoër vlak). En asof Pilatus nie alreeds sy naam in die oë van die geïmpliseerde leser heeltemal weggegooi het nie, skryf hy die opskrif in Hebreeus (landstaal), in Grieks (wêreld se handelstaal) en in Latyn (regeringstaal, veral regstaal) - vir die hele wêreld om te sien!

Die ironie bereik nou 'n hoogtepunt wanneer die Joodse priesterhoofde hulle ontevredenheid oor die opskrif teenoor Pilatus uitspreek. Hulle meen dat hy in die opskrif moes laat blyk dat Jesus nie vir hulle 'n koning is nie, maar dat Hy beweet dat hy hulle koning is. Die Joodse priesterhoofde beweeg dus ook op die laer vlak, selfs nog laer as Pilatus. Dan breek die hoogtepunt van die ironie aan wanneer Pilatus antwoord: "Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe". Hy gebruik boonop die perfektum, wat aandui dat hy baie beslis is in dit wat hy geskrywe het.

Vanuit die geïmpliseerde leser se oogpunt gesien, bestaan verse 19-22 se ironie daarin dat selfs die heiden Pilatus (onbewustelik) moet erken en bely dat Jesus Koning is! Asof dit nie genoeg is nie, gooi Pilatus sy naam absoluut in die water deur hierdie "belydenis" te doen in die drie groot wêreldtale van sy tyd, sodat letterlik die hele wêreld sy "belydenis" kan lees! Selfs nadat die priesterhoofde hom vra om hierdie "belydenis" te heroorweeg, gee die heiden Pilatus sy finale besluit baie beslis deur: "Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode"! Selfs al sou Beasley Murray reg wees in sy aanname dat Pilatus hierdie bewoording met opset gebruik het om hom finaal op die Jode te wreek (1987:346), sou dit geen verskil maak aan dit wat die geïmpliseerde outeur met hierdie episode wou bereik nie. Die feit bly staan dat 'n heiden sy vertellersperspektief onwetend onderskryf.

Hier is dit baie duidelik hoe dat die Johannesouteur sy karakters gebruik om die geïmpliseerde outeur se boodskap kragtig oor te dra. Mens kry byna die gevoel dat Johannes met sy karakters "speel". Hierdie "speletjie" bereik 'n absolute hoogtepunt wanneer een van sy karakters wat hier verteenwoordigend optree van almal wat op die "lae vlak" beweeg, geen ander keuse het nie as om uiteindelik die geïmpliseerde outeur se ideologiese vertellersperspektief te onderskryf. Brown skryf daarom tereg dat die Johannese beskrywing van die kruisingsgebeure die karakter van 'n troonbestyging het.

3. HOMILETIES

Teen die agtergrond van alles wat hierbo gesê is, wil ek die volgende skopus vir ons perikoop voorstel: JESUS SE STERWENSUUR IS SY TROONBESTYGING AS KONING.

Uit die eksegeese hierbo het Johannes se unieke manier van vertelling duidelik na vore gekom, daarom word alles nie hier herhaal nie. Wanneer die eksegeese hierbo in preekvorm gegiet word, word mens daarvan bewus dat dit geensins nodig is om "toepassings" in die preek te maak nie. Uit die eksegeese het genoeg stof na vore gekom om te preek. Deur te preek wat hierbo uit die eksegeese na die oppervlak gekom het, word die hoorder gelei om ook die stem van die verteller in die Johannesevangelie te hoor.

Die preek kan in hoofsaak sentreer rondom die twee belangrikste momente in die eksegeese, naamlik dit wat duidelik geword het uit die Redaktionsgeschiedliche ondersoek en die ironiese eksegeese hierbo. Die preek sal dus uitspel hoedat Johannes heel uniek deur eie byvoegings en deur ironie aantoon dat Jesus se kruisdood geensins vir Hom 'n nederlaag was nie. Inteendeel, sy dood was sy troonbestyging as Koning!

BIBLIOGRAFIE

BEASLEY-MURRAY GR

1987. *John*. Word Biblical Commentary. Waco, Texas: Word Books.

BROWN RE

1982. *The Gospel according to John. Volume 2*. London: Geoffrey Chapman

CULPEPPER RA

1983. *Anatomy of the Fourth Gospel*. Philadelphia: Fortress.

DU RAND JA

1990. *Johannese Perspektiewe*. Halfway House: Orion.

DU TOIT AB (red)

1988. *Handleiding by die Nuwe Testament. VI*. Pretoria: N.G.Kerkboekhandel (Edms) Bpk.

KOTZE PPA

1987. Ironie in die Johannesevangelie. *HTS* 43(3):431-447.

LADD GE

1974. *A Theology of the New Testament*. Guildford and London: Butterworth .

MORRIS L

1971. *The Gospel according to John*. Grand Rapids, Michigan: W.B. Eerdmans .

ROBERTS JH

1991. *Teologie in Konteks*. Halfway House: Orion.

SCHNACKENBURG R

1980. *The Gospel according to John. Volume III*. London: Burns & Oates.

TOLMIE DF

1993. Implisiete outeur en implisiete leser in die Johannesevangelie. *NGTT* 34(3):262-273.